# 5. "BLOED" (UIT *MELK*): TUISKOMS IN AFRIKA

*Susan Meyer*

## Konteks en teoretiese vertrekpunte

ʼn Groot gedeelte van Elsa Joubert se vroeë oeuvre word tematies oorheers deur die wyse waarop die mens van Afrika telkens nuwe insigte vorm omtrent die werklikheid van diepgeankerde wortels in verskillende wêrelde: Europa, Afrika en die Ooste. Om "aan die een kant 'vasgebind' te wees aan jou eie mense, aan jou vaderland, jou volk, en om aan die ander kant ʼn persoonlike morele kompas te volg wat wegwys van ʼn uitsluitende en onderdrukkende nasionalisme", is ʼn spanning wat Willie Burger (2016:523) as sentraal in Joubert se oeuvre beskou.

Die waarheid dat ʼn individu verskeie identiteite kan hê, wisselend in prominensie oor die verloop van tyd heen en na gelang van hoe daardie individu beleef dat daar ingepas word binne ʼn spesifieke plek- en tydkonteks (Ryan en Deci, 2003:255), word tematies goed in Joubert se skryfwerk gedemonstreer. In *Ons wag op die kaptein* (1963) sowel as in *Bonga* (1971) vind die leser die motief van die vreemdeling in Afrika. In *Die nuwe Afrikaan* (1975) word die reisiger se groeiende emosionele betrokkenheid by Afrika uitgespel: sy is Afrikaan van herkoms, dus van instelling; sy vereenselwig haar met die problematiek van Afrika. Teen die einde van die reis in *Gordel van smarag* (1997) word tot die slotsom gekom dat die Ooste "al hoe meer die derde hoek van ʼn driehoek – Holland, Afrika, die Ooste – vir ons hier aan die Kaap" word (Joubert, 1997:134). Afrikaans word uiteindelik die bindende faktor tussen die drie hoeke van dié erfenisdriehoek. In hierdie taal, skryf Joubert (1997:149), "is ek nie ʼn tussenlander nie. Ek is tuis in my taal, en my taal is tuis in Afrika."

In die verhaal "Bloed" uit *Melk* (1980) gebeur die sonderlinge, naamlik die uitbeelding van die saamtrek van verskillende belewenisse van identiteit by ʼn enkele karakter oor ʼn tydperk van slegs vier-en-twintig uur. Met die vertrek op Hester se reis stem haar belewing ooreen met dié van die karakters in Joubert se werk in die 1960ʼs, wat met aspekte van vreemdelingskap in Afrika gekonfronteer word. Hierdie identiteitsbele-

wing word egter drasties beïnvloed tydens 'n dagreis in "Bloed"; dit stem uiteindelik ooreen met dié van die karakters in Joubert se werk sedert die middel van die 1970's, waarin tekens van vereenselwiging met die mense en situasie van Afrika al hoe duideliker is.

Dit lyk of die karakters se veranderende belewing van hulle identiteit en die vorming van nuwe perspektiewe op hulle toekomstaak in Afrika die resultaat van verskillende uitgangspunte tot die ervaring van reis in Joubert se werke mag wees, meen Beukes (1982:75,167). In *Suid van die wind* (1962) het insig oor haar identiteit tot stand gekom uit die somtotaal van persoonlike ervarings van die reisiger ten opsigte van haar reisgenote tydens 'n busrit deur Madagaskar. In *Die nuwe Afrikaan* (1974) het dit gebeur as die resultaat van die sogenaamde interpretatiewe joernalistiek – objektiewe deurgronding van die hede, oftewel die aktuele werklikheid soos sy dit op haar reis deur Angola teëkom, en 'n vergelyking met die verlede. *Gordel van smarag* (1997) is 'n reisverslag waar 'n vergelyking van ervarings die ontdekkingsproses begelei; die belewings van Joubert op reis deur Indonesië word telkens teen dié van Leipoldt afgespieël en gemeet. Reeds met die subtitel van Joubert se roman, "'n Reis met Leipoldt", word aangekondig dat Leipoldt se indrukke oor 'n besoek aan Indonesië, opgeteken onder andere in sy reisbeskrywing, *Uit my Oosterse dagboek* (1932), 'n groot rol in haar eie ervarings speel.

In "Bloed" dien nog 'n ander invalshoek op die gegewe van reis die doel van die verwerwing van nuwe begrip oor die wêreld wat verken word, die mense wat ontmoet word en veral oor eie identiteit. In hierdie verhaal beleef Hester 'n motorreis al dieper in 'n reservaat in tot by 'n boshospitaal waar sy in 'n droom beleef dat sy, teen haar sin, bloed skenk aan 'n ernstig beseerde man. Die fisieke ervaring van vertrek, reis en aankoms korreleer met punte op 'n ekwivalente reiservaring ten opsigte van identiteitsbelewing. Hester se reis eindig in 'n nuutsoortige selfbelewing, direk gekoppel aan die nuutsoortigheid van haar belewing van plek, hoewel haar dagreis haar – in terme van reisafstand – maar 'n hanetree wegneem van waar sy vertrek het. Dit is op hierdie heroriëntering ten opsigte van identiteit wat die aandag toegespits sal wees wanneer "Bloed" in die volgende afdelings bespreek word.

Die konsep van selfbelewing is een van die kernaspekte wanneer *identiteit* omskryf word. Terwyl identiteitskwessies ondersoek word uit

die oogpunte van ʼn velerlei dissiplines – onder andere die sielkunde, opvoedkunde, letterkunde (veral die postmoderne literêre teorie), en kulturele studies – word twee primêre betekenisaspekte, naamlik persoonlike (of self-)identiteit en sosiale identiteit, wyd erken (Fearon 1999: 15, 20-22; Clayton, 2012; Heshmat 2014; Vignoles 2018). In *The Oxford Handbook of Personality and Social Psychology* (2018) tref Vivian Vignoles met helder formulering onderskeid tussen hierdie kategorieë. In *sosiale* betekenisverband verwys identiteit na ʼn sosiaal-gekonstrueerde kategorie, ʼn groepering van mense geëtiketteer deur menslike denke en diskoers. Hierdie identiteit is histories-gebonde en ʼn belangrike rolspeler is die sogenaamde gedeelde kenmerke in voorkoms, gedrag, ervaring, geloof, waardes en taal. *Persoonlike* identiteit word beskryf met verwysing na die eienskappe, oortuigings of gedragsbeginsels wat die grondslag vorm van wie en wat ʼn mens self dink jy werklik is; wat, volgens eie oordeel, jou as individu van ander onderskei (Vignoles 2018).

Hierdie onderskeid is nie as presiese verdeling bedoel nie. Die impak van die sosiale konteks op persoonlike identiteit word algemeen erken; ook dat vele veranderlikes in Westerse samelewings op individue inspeel, onder andere veranderings in geografiese ligging, godsdienstige en politieke oortuigings, beroeps- en selfs geslagsidentiteit (Clayton 2012). Die impak van hierdie veranderlikes is waarneembaar in die groter "keuses" ten opsigte van identiteit en ook in die vervaging van lyne tussen persoonlike en sosiale identiteit.

Die aspek van identiteit wat sentraal staan in my bestudering van "Bloed", en bevestig sal word in die verhaalanalise wat volg, is juis die moontlikheid van verandering en aanpassing, soos dit ook blyk uit Whitebrook (2001:6) se kernagtige omskrywing van identiteit as "a product of ourselves or a product of our context". Die beskouing van identiteit as ʼn produk of resultaat impliseer die proses of ontwikkelingsgang wat deel van die konsep is.

ʼn Verdere, spesifieke aspek van persoonlike identiteit wat hier van belang is, is die rol van plek in die siening van die self – soos dit erken word in Clayton (2012) se bondige formulering van identiteit as "fundamentally a way of defining, describing, and *locating oneself*" (eie kursivering). By die hoofkarakter in "Bloed" hou die veranderde ervaring van eie identiteit sterk met ʼn veranderde ervaring van plek verband. Vignoles

(2018) verwys na die konsep van *plek-identiteit* ("place identity"), wat reeds in die 1970's deur Prohansky gebruik en beskryf is:

> Place identity includes those dimensions of self that define the individual's personal identity in relation to the physical environment by means of a complex pattern of conscious and unconscious ideas, beliefs, preferences, feelings, values, and behavioral tendencies.

Waar identiteit met 'n stel "komplekse patrone" van idees, oortuigings, gevoelens en waardes ten opsigte van plek gekoppel word, soos in die omskrywing van *plek-identiteit* hier bo, word Bill Ashcroft se teoretisering rondom die konsepte *plek* en *ruimte* in herinnering geroep. Ashcroft (2001:125) baken op sinvolle wyse die grense af tussen *ruimte* as neutrale term en *plek* as kultureel-gelade term: "Place [ … ] emerges out of the interaction of history, visual perception, spatiality and environment". Volgens Ashcroft hou die konstruksie van *plek* verband met die vraag: Waar hoort ek? Hy betrek die identiteitskwessie van *hoort* baie sterk in sy teoretisering oor plek en verduidelik dat die term *plek* hoofsaaklik verwys na die skep van wat as 'n tuiste beleef word. Op unieke wyse verwoord Ashcroft (2001:126) dit as "the shaping of a home-in-the-world – an individual, social, and cultural identity". Hy gebruik ook Pierre Bourdieu se term *habitus* om sy eie siening van *plek* en *behoort* verder, in eiesoortige terme, te verduidelik: "*Habitus* is a term which suggests more than the occupying of a location, it is a *way of being within* which, and through which, place comes to be" Ashcroft (2001:159).

"Bloed" bied 'n besonder helder vergestalting van die beginsel van plekbelewing as 'n proses van "being within", gekleur deur die nuanses van voortdurende verandering, waardeur ook die hooffiguur se selfbelewing geraak en gewysig word. Droseltis en Vignoles (2010:24) beklemtoon, asof in bevestiging van Ashcroft se teorie, 'n spesifieke dimensie van plek-identiteit waar die kwessie van *hoort* sentraal staan, en wat hulle as self-"verlenging" ("selfextension") of "-hegting" ("attachment") ten opsigte van plek beskryf, omdat dit gekoppel is aan die ervaring dat 'n plek wesentlik deel is van wie die "ek" is.

In die analisering van "Bloed", wat in die volgende afdeling volg, word gekonsentreer op Hester se heroriënteringsproses ten opsigte van identiteit – 'n proses wat op fassinerende wyse saamval met die vloeibare aard van haar plekbelewing op die dag waarop sy in 'n hospitaaltjie in Afrika beland.

Die fokus sal op identiteit in persoonlike en selfgegenereerde betekenisverband val; die verhaal herinner ons egter aan die klem wat Claydon (2012) plaas op die inspeel van die groter konteks op die oortuigings oor wie en wat ′n individu meen dat hy/sy werklik is:

> Identities describe not only personal attributes, but also connections and groupings: who we are like and unlike, and who we are tied to. An important impact of context is found in [ ... ] the extent to which one thinks of oneself as separate from, or connected to, others.

## Vreemdeling by vertrek

Aan die begin van Hester se reis in “Bloed” – ′n tog aangepak saam met haar vriend, Piet, en oom Herrie – verraai sy ′n gedistansieerdheid van die landskap waardeur hulle reis. Sy ervaar ′n ongemak met die geilheid en dwingendheid van Afrika: die soelheid van die lug wat haar vel “byna wellustig aanraak” (8); die bedreiging van bosse wat agter haar toesluit, haakdoringtakke wat sy voor haar moet lostrek (9). “Dis vir my vreemd”, kwalifiseer sy haar verwondering oor dié wêreld as ′n soort ontuisheid (8).

Hester probeer om liggaamlik aan die aandrang van die bos te ontkom. Sy sukkel om oor die moerassige grond te loop, “maar sy kom daarvan los” (10). Sy verset haar teen die ervaring van saamgetrek te word met die beweging van die wolke se skadu′s: “Kom, sê sy vir haarself, kom terug. Sy groei weer in haar liggaam in. Sy draai weg van die bos” (10).

Wanneer die motor by die winkeltjie in die bos stilhou, neem Hester die beweging van mense waar: “By die lae deur kom swartmense uit, een op ′n keer, soos ′n mier in die son kom na die donkerte van sy ondergrondlewe”(12). Die beeld van die mier met sy ondergrondse lewe en die konnotasie van lae lewensfunksie hieraan geheg, is draer van die begrip primitiwiteit, op grond waarvan Hester ′n afstand ervaar tussen dié mense en haarself. Sy kry warm in die motor, maar is onwillig om deur die saamdromming van mense op die winkelstoep te beweeg en na Piet te soek, want “nóg in die dowwe gesuis van hulle gepraat, in die skreeu van een vrou op die ander, nóg in die mond wat oopgaan in ′n skielike wit lag kan sy iets vind wat sy ken, wat sy met hulle gemeen het” (12).

Hester hou die transaksie van ′n hoenderhandelaar op ′n afstandelik geïnteresseerde wyse dop. Sy bly, ten aanskoue van die bloederige slagting van die hoender wat volg, genotvol aan ′n piesang eet.

> Sy (die swart vrou) sny die nek kort onder die kop af. [... ] Soos die lyf begin rondtrap, spuit die bloed. Dit spuit op die vlerke wat fladder, op die grond, op die klere van kinders wat nader staan; dit spuit vir laas op die voete van die vrou. [ ... ] Hester se sluk ontvang die pap piesangmoes. Die geur kleef aan haar verhelmelte, aan haar lippe. Onbewus vee haar tong haar lippe skoon (13).

By die boshospitaal dwing die hitte van die middaguur Hester ook na die skadu's van die bome waar die mense sit. Sy ervaar weer 'n afsydigheid teenoor hulle; die kontak met kinders wat oor haar kruip en "klou met bleek palms" is vir haar benouend. "Sy voel die sweet afloop van die aanraking tussen hulle hande en haar vel; sy trek moeisaam haar voete los (18). Ook van die pasiënte neem Hester op 'n afgetrokke wyse kennis: "Sy sien die vaal komberse oor die beddens en onder die komberse mense (19).

By die bed van 'n jong swartman word die ervaring van geestelike ge- distansieerdheid met Afrika egter verbreek. Die man se sterk, swart been word vir Hester soos 'n element uit die boswêreld, "'n stam wat groei uit die omhulsels van die wit lendelap wat tussen sy bene deur gevou is" (20). Sy neem ook, skielik en ontstellend, die beseerde se manlikheid waar; sy is intens bewus van "die been [ ... ] eenkant toe uitgestoot op die bed, nakend, swart, glimmend, selfs in die roerloosheid kragtig van spier" (20). Ook die matrone voel skielik bewus van die latente seksualiteit van die situasie en raak haastig. "Is dit die nakende lyf", wonder Hester, "of die besef van die witvrou wat staar?" (20). Die oomblik wanneer sy op 'n onverwagte wyse seksueel aangetrek word deur die swartman, vind die opheffing van onverskilligheid plaas, die verdigting van belangstellling in die aksie van na hom te *staar.*

Hiermee saam word nog 'n gedragspatroon, wat in samehang met die ruimtelike waarneming ontstaan het, verbreek. Hester was telkens van haar sweterigheid bewus; die ganse bosruimte is geteken in terme van hitte en lugspieëlings. Kort ná die ontmoeting met die beseerde man nooi Piet haar na die skadu en sy antwoord: "Die son pla my nie meer so erg nie" (20).

Kort hierna beleef Hester, in 'n koorsige droom, dat 'n beroep gedoen word op haar hulp aan die sterwende man in die vorm van 'n bloed- skenking. Wanneer sy die hospitaal ingeroep word, weet sy instinktief wie haar bloed benodig; ook dat betrokkenheid by die swartman betrokken- heid by die hele Afrikawêreld impliseer. Hulle hoort tot een, omvattende

sfeer wat sy só herroep: "Sy sien die donker gesigte van die mense wat onder die bome lê, [ ... ] dan sien sy die geel druppel vog op die punt om in te gaan in die are van die siek man op die hoë bed; dan weer die bloed wat drup uit die hoender se gekerfde nek" (22).

Aanvanklik veroorsaak die verset en vrees om met die man kontak te hê by Hester 'n histeriese reaksie: "'Maar hoekom ek? Hoekom nie jy nie?' Haar stem klim. 'Hoekom nie *sy* nie?'"(23). Skok laat haar ook diégene wat haar tot die oortapping wil oorreed, vyandig ervaar: "Ook Piet is vir haar vreemd [... ]. Die dokter se vrou [ ... ] is nou vir haar afstootlik" (23).

Omstandighede dwing Hester om 'n keuse te maak, omdat sy klaarblyklik die enigste bereikbare mens met geskikte bloed is. Sy demonstreer egter haar verset deur haar hele liggaam met karbolseep te was: "Sy skep die lou water in haar hande op, was haar gesig, gooi water oor haar nek, haar bors, haar oksels; sy vryf haar liggaam met haar nat, seepgesmeerde hand"(24).

## Kruispad

In weerwil van Hester se emosionele verset is daar reeds op rasionele vlak die besef van die onafwendbaarheid van die geestelike transformasie wat in haar moes plaasvind: "Daar is iets onvermydeliks in hulle koms hierheen" (24). Die kruispad waar sy haar bevind, het op subtiele wyse nader geskuif in fisiese en psigiese ervaring soos die dag ontvou het. Soos meermale in Joubert se werk word in "Bloed" ook van vroulike seksualiteit en vrugbaarheid gebruik gemaak as metafoor vir identifikasie en assimilasie. Die broeiende sfeer van die bos is van vroegdag af voorgestel asof dit 'n aktiewe liggaamlikheid het: die grond ruik na "bevrugting" (p. 8), kosmos "klou" aan die boomstamme, Hester ervaar die bos as "die omarming van die donker, stil swam" (10).

Die eet van die piesangs, vroeër die dag, is gelaai met seksuele suggestie: Hester loop met hulle "teen haar bors gedruk", sy skeur die skil los dat dit aan die stronk bly hang, "geel en bruin gestippel van buite, met 'n klam, melerige draderigheid van binne". Haar tande stroop die vrug uit die skil, "dit kom met 'n klein suiggeluidjie van die vrugpunt los" (12). Ook met die slag van die hoender is 'n seksuele parallel gesuggereer, vanaf die spuit van die bloed oor die vroue se skoene tot waar "die hoender slap en wit oor haar (die swart vrou se) dye lê" (14).

Uiteindelik, wanneer Hester droom dat sy aan die swartman bloed skenk, word die spel met die motiewe van bevrugting, verbintenis en samevloeiing afgerond. Uit die suggesties van seksualiteit in die gedroomde bloedoortappingsituasie blyk die totaliteit van haar oorgawe en in watter mate daar sprake van eenwording is:

> Sy hoor die gesteun van die swartman naby haar. Sy voel die swaar intrek van asem en dan die verslapping waarmee die kreun uitgepers word. Sy voel hoedat haar bors daarmee saam op en af beweeg ... Haar asem kan nie wegbreek van die ritme van die gewonde man se worstelende asemhaling nie. Selfs haar hart klop in die ritme van die asemhaling (26-27).

In hierdie ervaring word iets uitgebeeld van Young (1995:115) se idee dat seksuele begeerte op onverwagte wyse mag skakel met die afkeer wat deur die "koloniale ander" gewek word:

> The civilized European subject defined himself specifically through the exclusion of what is marked out as dirty and low. But "disgust" always bears the imprint of desire. These low domains, apparently expelled as "other", return as the object of nostalgia, longing and fascination.

Die betekenis van Hester se simboliese daad is veel groter as wat slegs die geslagsdaad sou kon wees – die droom dui op die onderbewussyn se aanvoeling van ʼn omvattende identifiseringsproses wat plaasvind tussen Hester en die Afrika-omgewing: sy atmosfeer, omstandighede en mense.

## Ervaring van *hoort*

In "Bloed" word die proses van identifisering met Afrika – direk gekoppel aan ʼn veranderde belewing daarvan as plek van positiewe ervaring – tot ʼn hoogtepunt gevoer wanneer Hester in die nag ná die bloedoortapping na buite gaan. Sy soek liggaamlike kontak met die landskap, staan "met haar lyf teen die stam gedruk sodat [ ... ] die boombas sy riwwe in haar vleis herhaal [ ... ] asof daar geen skeiding meer tussen haar en die boom is nie" (27). Sy word bewus van haar asemhaling:

> Die beweging begin vanuit haar bors uitkring, word gedra na die volgende boom, na die groepies mense wat slaap onder die bome [ ... ]. Die hospitaalgebou word ingetrek in hierdie stil in-en-uitbeweging van haar asem, asof die digtheid van sy mure tot niet gaan en die siekes opgeneem word in hierdie groter stroom, hierdie in-en-uitbeweging van lewe (18).

Die motiewe van seksualiteit en die deel van bloed sluit dus uiteindelik aan by ′n groter proses van wisselwerking wat in die verhaal uitgebeeld word – ′n proses van omvattende eenwording, asof één in asemhaling, in "hierdie in-en-uitbeweging van *lewe*". Dis ‘n proses wat op kragtige wyse bind.

Die ervaring van te *hoort* bring ′n vrede wat Hester die hele nag buite laat bly (28). Die konfrontasie met Afrika, wat op ′n "vroeg-winteroggend, byna nog nag" (7) begin het, is teen dagbreek afgehandel (28). Op sikliese wyse is die proses van geestesewewig, -stryd en gemoedskalmte voltooi. Maar die vrou wat teen die einde van die verhaal op die dagbreek wag om die vorms van haar omgewing te "herken" (28), is nie die vrou wat aan die begin "vreemd" daarteenoor gestaan het nie.

Terwyl die verhaal in ′n sikliese tydstruktuur saamgetrek is, is Hester se ervarings ′n lineêre reis, ′n ontdekkingstog. In die slotfase van haar reis word afgewyk van die groot mitiese patroon van vertrek, inisiasie en terugkeer met behulp waarvan die weergawes van reise dikwels aangebied word. Bestemming is geen terugkeer nie – Hester se belewing bevestig dat identiteit ′n konstruksieproses is. Dit herinner ons aan Ashcroft (2001:160) se siening: "What you do is related to where you are, what you have learned, and who you are with, a relationship that is [ ... ] reinforcing and interchangeably identifying."

## Versmelting van Westerse en Afrika-kultuurgoed

Op allegoriese verhaalvlak loop die leser interessante parallelle raak tussen "Bloed" en die klassieke Italiaanse gedig, *Divina commedia,* waarin ′n geestelike pelgrimsreis voorgestel word en waarmee Dante Alighieri onsterflike roem as digter behaal het. In die proses van die verhaal losweg te skoei op aspekte van die Dante-gedig word Westerse klassieke kultuurgoed hier intertekstueel toegeëien, maar terselfdertyd ook vermeng met Afrikagegewe en herverwerk in ′n Afrikaverhaal.

Op Dante se reis word die digter deur die hel en vagevuur gelei, en tot by die paradys, die hemel en die aanskouing van die Godheid self. Die reiservaring in die *Divina commedia* begin, ruimtelik gesproke, in ′n donker woud, soos ook Hester se reis begin. Verdere parallelle tussen Hester se ervaring en dié van Danté word met behulp van Sinclair se uitstekende vertaling, *The Divine Comedy of Dante Alighieri* (1971), uitgewys.

Volgens die digter, en volgens die Middeleeuse geloof, was die hel ʼn ontsaglike en vuurwarm put, soos ʼn tregter wat by die middelpunt van die aarde afgaan. Op die reis in "Bloed" is daar aanduidings van hoogteverlies: vroegoggend begin hulle reeds afdaal van die hoërliggende dele waar die reis begin (7); later in die dag sak hulle verder "in die wasige, warm leegtes af" (14). Dit skep loomheid en slaperigheid by Hester, sodat die reis deur die bos vir haar die aard van ʼn soort reis deur ʼn "onderwêreld" het. "Dis die hitte", troos die dokter se vrou, "en die verandering van hoogte" (26).

Oom Herrie neem hulle daglank al dieper en dieper die bos in. Hierdeur word Dante se hel as middelpunt van die aarde in die geheue opgeroep. "Die hospitaal is nog dieper" (11), antwoord oom Herrie op Hester se vraag.

Die berg van loutering in *Divina commedia* stem ooreen met die Katolieke konsep van die vagevuur, die toestand tussen hel en hemel waar die siel gereinig word. Dante stel die berg van loutering in terme van al hoër wordende hange voor (Sinclair 1971:13). Die plek van loutering blyk vir Hester die boshospitaal te wees wat op ʼn hoogte lê. Vanaf die hospitaal se hek, waar Piet en Hester afgelaai word, is ʼn grondpad wat oploop na die hospitaal, teen die hoogte uit (17).

Teen Dante se berg van loutering ondergaan die siel vele smarte, maar ontvang aanmoediging van die engele (Sinclair 1971:9-13,109). Hester ondergaan ʼn suiwering van waarde-oordele in haar plek van loutering, die hospitaal, waar die bewustheid van die swartman se seksualiteit – sy menswees én manwees – die krisis van koloniale oordele in haar skep. Piet se teenwoordigheid in die verhaal skep ʼn duidelike parallel met die engel van ondersteuning in die *Divina commedia* – in die tweede deel van die verhaal is hy die aanmoediger op Hester se reis van loutering. Dit is hy wat haar aan die elmboog neem en na die badkamer stuur om haar te was voor die bloedoortapping wat op haar wag; dis ook hy wat saamloop na die hospitaal (24).

Dante word in ʼn diep slaap deur ʼn engel tot aan die poort van die vagevuur gebring (Sinclair 1971:121). Die dokter se vrou verkry in die verhaal ʼn bepaalde engelagtigheid: sy is ʼn bleek vrou – haar arms, bene en hals het ʼn "klamwit kleur" (20) – en is lig aangetrek, met sandale aan die voete en hare wat tot by haar middel hang. Sy praat op ʼn vertroulike

manier met Hester; sy sê onder andere: "Ek het ook al vir die gewondes bloed gegee" (22), en verkry só verdere eienskappe van engelagtige onselfsugtigheid en bystand. Sy bly by Hester se bed totdat Hester slaap, en in die droom sê sy: "Hulle het my gestuur om jou te kom haal" (23).

Hester se worsteling met die saambindingsproses wat tussen haar en die omgewing aan die gang kom – die "toue" en "gewig" waarmee sy tot uitputtens toe in die droom veg wanneer haar bloed met die swartman s'n verenig (25) – is net so intens as die digter se worsteling op sy moeisame pad teen die louteringsberg (Sinclair 1971:13).

Aan die begin van die reis in die *Divina commedia* ontvang Dante die letter *P* (vir die Latynse *peccatum*, wat *sonde* beteken) op sy voorkop. Aan die einde van elkeen van die "kringe" van loutering teen die berg staan 'n engel wat met sy vlerk oor die digter se voorkop streel en een van die *P's* wegvee, totdat al sy sonde uitgewis is (Sinclair 1971:356). Wanneer Hester, in opdrag van die dokter, haar liggaam en are probeer verslap om haar bloed na die swartman toe deur te laat, impliseer dit die oorkoming van haar verset om kontak met "primitiewe" Afrika te hê. Die engelagtige figuur van die dokter se vrou buk oor Hester, haar hare val langs haar nek af en veeg rakelings by Hester se gesig verby (26). Dit kan 'n parallel suggereer met die engelvlerk wat die teken van die laaste sonde van Dante se voorkop wegvee.

Deur die integrering van Westerse kultuurgoed met die Afrikagegewens in "Bloed" word erkenning van die saambestaan van Westerse en Afrika-elemente in een sentrale identiteit nogmaals kragtig onderstreep.

## Slotsom

Die bestudering van "Bloed" het tot die bevestiging gelei van die dinamiese wyse waarop *plek*belewing *identiteits*belewing kan bëinvloed. Die vraag "Wie is ek?" – gekoppel aan die identiteitskwessie "Waar hoort ek?" – lewer verrassend teenstrydige antwoorde wanneer dit op verskillende stadiums van die hooffiguur se reisbelewing in hierdie verhaal gestel word. Binne die vertelde tydsduur van 'n enkele dag word die vreemdeling in Afrika iemand wat hoort in Afrika. Die verhaal beeld 'n geestelike kragtoer uit in terme van identiteitsaanpassing in Afrika; 'n proses wat deur 'n drasties veranderde belewing van plek gerugsteun word.

"Vasgebind en losgeskeur: 'n ondraaglike spanning", is die inleidende opskrif vir die profiel van Elsa Joubert wat Burger in die literatuurgeskiedenis *Perspektief en profiel,* Deel 2 (2016:523) skep. Daardie spanning is ten diepste 'n identiteitskwessie – een wat met die hand van 'n meesterskrywer in "Bloed" uitgebeeld word.

## BRONNELYS


Ashcroft, B. 2001. Post-colonial transformation. London. Routledge.

Beukes, S.M. 1982. Die skryfkuns van Elsa Joubert. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (MA-verhandeling.)

Burger, W. 2016. Elsa Joubert. In Van Coller, H.P. (red.) *Perspektief en Profiel, Deel 2*. 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik. pp. 523-544.

Clayton, S. 2012. Identity and Environment. In Clayton, S. (ed.), *The Oxford Handbook of Environmental and Conservation Psychology*. Oxford: Oxford University Press. https://www.oxfordhandbooks.com/view/10.1093/oxfordhb/9780199733026.001.0001/oxfordhb-9780199733026-e-10

Droseltis, O. & Vignoles, V. L. 2010. Towards an integrative model of place identification: Dimensionality and predictors of intrapersonal-level place preferences. *Journal of Environmental Psychology*, *30*, 23-34.

Fearon, J.D. 1999. What is identity (as we now use the word)? https://www.stanford.edu/group/fearon-research/cgi-bin/wordpress/wp-content/uploads/2013/10/What-is-Identity-as-we-now-use-the-word-.pdf (Datum van gebruik: 20 September 2019).

Heshmat, S. 2014. Basics of Identity: What do we mean by identity and why does identity matter? *Psychology Today*. https://www.psychologytoday.com/us/blog/science-choice/201412/basics-identity (Datum van gebruik: 20 September 2019).

Joubert, E. 1963. *Ons wag op die kaptein*. Kaapstad: Tafelberg.

Joubert, E. 1971. *Bonga*. Kaapstad: Tafelberg.

Joubert, E. 1974. *Die nuwe Afrikaan: 'n Reis deur Angola*. Kaapstad: Tafelberg.

Joubert, E. 1980. *Melk*. Kaapstad: Tafelberg.

Joubert, E. 1997. *Gordel van smarag*. Kaapstad: Tafelberg.

Ryan, R. & Deci, E. 2001. On assimilating identities to the self: a Self-determination theory perspective on internalization and integrity within cultures. In M. Leary & J. Tangney (eds.), *Handbook of self and identity*. New York: Guilford. pp. 253-72.

Sinclair, J.D. 1971. *The Divine Comedy of Dante Alighieri.* London: Oxford University Press.

Vignoles, V.L. 2018. Identity: Personal and Social. In K. Deaux & M. Snyder (eds.) *The Oxford Handbook of Personality and Social Psychology*. https://www.oxfordhandbooks.com/view/10.1093/oxfordhb/9780190224837.001.0001/oxfordhb-9780190224837-e-12?rskey=fz2fXQ&result=1 (Datum van gebruik: 14 Augustus 2019).

Whitebrook, M.W. 2001. *Identity, narrative and politics*. London: Routledge.

Young, R.C. 1995. *Colonial desire: hybridity in theory, culture and race*. London: Routledge.